22 Januarie 2026

Die Munisipale Bestuurder
Mnr. Obakeng Isaacs
Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit
Keimoes

Per e-pos: mm@kaigarib.gov.za

**<u>In sake: Versoek om prestasie-ooreenkomste en aanhangsels ingevolge artikel 57 van die Municipal Systems Act</u>**

Geagte Mnr. Isaacs

Die Kakamas Belangegroep rig hiermee ’n formele versoek aan u kantoor om toegang te verkry tot prestasieooreenkomste en gepaardgaande aanhangsels van senior bestuursposte binne die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit, soos vereis ingevolge artikel 57 van die *Local Government: Municipal Systems Act 32 of 2000* (MSA), gelees saam met die *Municipal Performance Regulations for Municipal Managers and Managers directly accountable to Municipal Managers, 2006*.

Artikel 57 van die MSA bepaal dat die munisipale bestuurder en alle bestuurders wat direk aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, slegs aangestel kan word indien daar:

1. ’n geldige dienskontrak bestaan; en
2. ’n afsonderlike, skriftelike prestasie-ooreenkoms bestaan wat jaarliks gesluit en hernu word, met meetbare prestasieteikens en voorgeskrewe moniterings- en evalueringsprosesse.

Hierdie prestasie-ooreenkomste bestaan nie slegs uit die hoofooreenkoms nie, maar sluit noodwendig aanhangsels in, insluitend maar nie beperk nie tot:

- Annexure A: Performance Plan; en
- Annexure B: Personal Development Plan (PDP).

Die Belangegroep versoek hiermee dat die volgende dokumente elektronies aan ons verskaf word nie later nie as **13 Februarie 2026**:

1) <u>Volledige prestasie-ooreenkomste (met alle aanhangsels) vir die 2025/2026-finansiële jaar (1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026):</u>

**a) Direkteur: Korporatiewe dienste**

- Volledige prestasie-ooreenkoms;
- Alle aanhangsels (insluitend Annexure A en Annexure B);
- Enige addenda, wysigings of hernuwingsooreenkomste



NOTE: The Kakamas Belangegroep, a member-driven organisation, was founded in November 2017 with its primary aim of holding the local municipality accountable to its Constitutional and legal obligations towards its citizens and to act in the best interest of all inhabitants of the Kai !Garib Local Municipality.

**b) Direkteur: Gemeenskapdienste**

- Volledige prestasie-ooreenkoms;
- Alle aanhangsels (insluitend Annexure A en Annexure B);
- Enige addenda, wysigings of hernuwingsooreenkomste.

2) Ontbrekende aanhangsels by bestaande prestasie-ooreenkomste

Waar die Belangegroep reeds bewus is van die bestaan van prestasie-ooreenkomste, maar nie in besit is van alle aanhangsels nie, versoek ons die volgende aanhangsels vir die 2025/2026-finansiële jaar:

a) **Munisipale Bestuurder**

- Alle aanhangsels tot die prestasie-ooreenkoms, insluitend Annexure A en Annexure B, asook enige wysigings of byvoegings.

b) **Finansiële Direkteur**

- Alle aanhangsels tot die prestasie-ooreenkoms, insluitend Annexure A en Annexure B, asook enige wysigings of byvoegings.

c) **Direkteur: Tegniese Dienste**

- Alle aanhangsels tot die prestasie-ooreenkoms, insluitend Annexure A en Annexure B, asook enige wysigings of byvoegings.

Indien enige van die bogenoemde prestasie-ooreenkomste of aanhangsels nie bestaan nie, of nie vir die 2025/2026-finansiële jaar gesluit of hernu is nie, versoek die Belangegroep ’n skriftelike bevestiging daarvan, tesame met ’n verduideliking van hoe die munisipaliteit in sodanige geval aan artikel 57 van die MSA voldoen.

Hierdie versoek word te goeder trou gerig, met die oog op deursigtigheid, openbare aanspreeklikheid en goeie administratiewe praktyk. Dit moet nie beskou word as ’n beskuldiging nie, maar as ’n versoek om toegang tot rekords wat ingevolge die wet behoort te bestaan en onderhou te word.

Die Belangegroep sien uit na u reaksie teen nie later nie as 13 Februarie 2026.

Die uwe

Kakamas Belangegroep
per
Jaco Visser
Woordvoerder
Kontakbesonderhede: kakamasbelangegroep@gmail.com